

Johannes [Deel 9] – Wil jy gesond word?

REFLEKTEER

Wat is een gebeurtenis die afgelope week waarvoor jy dankbaar is?

Hoe het jy gevorder met jou VOLGENDE STAP en watse groei het jy ervaar die afgelope week ?

Wat is jou grootste uitdaging en/of waarvoor het jy gebed nodig?

VRAE VIR BESPREKING: Johannes 4:46 – 5:17

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Lees Johannes 20:31; 2:11, 4:47-53; 5:5-15

- Hoe speel Johannes se doel met die wondertekens uit in die geval van die dissipels, van die regeringsamptenaar en van die verlamde man?

- Vergelyk die geloof van die regeringsamptenaar en die verlamde man. In wie/wat was elkeen se vertrouwe vir genesing?

- Wat is die punt wat Jesus maak met die stelling “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook” (sien ook Johannes 5:18).

- Watter rol speel geloof in genesing?

- Hoekom het Jesus die verlamde man genees al het hy nie geglo nie?

- Hoe moet ons dit as gelowiges hanteer indien jy, of iemand in jou groep, ernstig siek word of in ‘n lewensbedreigende situasie beland? (Jakobus 5:13-16; Markus 2:3-5; Heb 4:16)?

- Wat is die bron van genesing of antwoord op gebed (Markus 11:22; Handeling 2:12,16)? Bespreek

- Watter wonderwerk/e of antwoord op gebed het jy al beleef?

- Hoe sou jy jou geloof beskryf? Watter uitdaging het jy in jou geloof?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
